9.5 STELLINGE OOR LUISTER EN VERNUWING

Robert Vosloo

Tans word daar baie in die Ned Geref Kerk oor luister en vernuwing gepraat. Dit is 'n belangrike gesprek. As deel van hierdie gesprek, en met apologie aan Luther, die volgende 9.5 stellings:

1. Luister spruit uit belydenis en het belydenis as doel. Daar is dus 'n baie nou verband tussen luister en gehoorsame (geloofs)belydenis. Reeds in die Ou Testament lees ons: "As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie, sal jy voorspoedig wees …Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here" (Deut 6:3,4). Die openheid om na God te luister ontspring uit die feit dat die God van die Bybel 'n God is wat spreek. Ons luister omdat ons iets gehoor het, iets beleef het, iemand ontmoet het. Dit maak dat daar soos Thomas bely kan word: "My Here en my God".

2. Verantwoordelike luister is om die een Woord te midde van baie woorde te hoor. Dit hang daarmee saam om te midde van talle aansprake die evangeliese Woord vir ons tyd te kan hoor en beliggaam.

3. Luister is 'n gemeenskapsaktiwiteit. Daarom die belangrikheid van vrae soos: Met wie luister ons? Wie is ons luistergenote? Luister is nie iets wat ons bloot as individue doen nie. Nee, ons luister in gemeenskap met mekaar.

4. Verantwoordelike luister verg nie net die luister na die stemme van ons tydgenote nie, maar ook na die stemme van moeders en vaders uit die verlede. Dit beteken dat ons saamluister nie 'n ahistoriese karakter het nie, maar dat ons onsself verstaan as deel van 'n gemeenskap wat oor die eeue heen strek.

5. Verantwoordelike luister – ons sou dalk nog eerder kon praat van Christelike luister – verg 'n spesiale sensitiwiteit om te luister na hulle wat nie altyd gehoor word nie, na die stemloses, die weerloses, die magteloses, die lydendes, die ontheemdes en vervreemdes.

6. Christelike luister impliseer wag en geduld. Dit verstaan dat luister onderskeidingsvermoë verg om nie verleidelike stemme – stemme vanuit die samelewing én die kerk – met die stem van God te verwar nie.

7. Christelike luister is nie blote passiwiteit nie. Dit verstaan dat om te luister is om te handel. Die fokus op luister mag nooit 'n verskoning wees om die status quo bloot te handhaaf nie. Luister verg handeling en handeling verg voortdurende luister.

8. Vernuwing is meer as die fassinasie met "die nuwe" (neos). Dit is 'n verlange na die nuwe in 'n evangeliese sin (kainos). Dit is die kwalitatiewe nuwe wat standhoudend is.

9. Luister is die voortdurende soeke en verlange na die aangesig van God. Luister is in gebed in aanbidding en lofprysing in die lig van die heerlikheid, die luister, van die drie-enige God.

9.5 Christelike luister beteken ook om aan te hou luister nadat ons gehoor het. En om te midde van hierdie voortdurende proses te kan sê: Hier is ek!